## Savage Axis Mpumalanga Ope 2016- Verslag

Op 9 April 2016 is die Mpumalanga ope aangebied op die plaas Bloemhof, van Hans en Marius Moolman, ongeveer 15km buite Volksrust.

Die ope is gekenmerk deur baie lekker herfs weerstoestande met baie matige temperatuur, sonskyn en ligte wind. Daar was ongeveer 70 vooraf inskrywings en ‘n verdere 47 skuts het ingeskryf op die dag.

Vooraf inskrywings was R250 en laat inskrywings op die dag R350. Daar is verder afslag gegee aan Amajuba Taklede van die SAJWV wat R200, vooraf, betaal het.

‘n Inskietbaan van 200m was beskikbaar vanaf die vorige dag en dit was oop tot met die einde van die skiet.

Oom Jan Marais het oudergewoonte gesorg vir heerlike kos voor, gedurende en na afloop van die skiet. As deel van die inskrywingsgeld is skuts is ingewag met vleis- en suiker-pannekoeke en koffie vir ontbyt, later, as middagete, is worsbroodjies voorsien en ‘n steak braai is aangebied na afloop van die skiet.

Die bane was as volg: Baan 1 was n gongbaan, lế oor n stompie, met gonge versprei hoog teen ‘n rand en sommige op die kranse,  afstande 215m, 323m, 280m, 351m, en 293m.

Baan 2 was ‘n blesbok wat skuins staan en is geskiet  staande oor ‘n voerring op 262m.

Baan 3 was vryhand sit na n rooibok op 77m

Baan 4 was n gongbaan, sit oor halwe 200l drom, met afstande 175m, 315m, 280m, 225m, en 153m.

Baan 5 was lê oor voermolsakke na n vlakvark op 288m

Baan 6 was die 3de gongbaan, staan oor staaltenk, met afstande 205m, 155m, 199m, 227m, en 147m

Die goeie beplanning en harde werk van die baanoffisiere en telling-personeel het baie vrugte afgewerp en die tellings vir die prysuitdeling was reeds 5h die middag beskikbaar en die prysuitdeling kon dus voor donker reeds afgehandel word. Ons bedank dan graag vir Elton Gross, Johan van Niekerk, Johannes Botha, Wessel Oosthuizen en Wynand Greyvenstein vir hulle hulp as baanoffisiere en verder vir Vidette Martins, Carin Martins en Petra Moolman wat die inskrywings en tellings hanteer het. Baie dankie ook aan Oom Hans Moolman vir die beskikbaarstel van die plaas.

Hiermee bedank ons verder graag die borge. Die borge is sekerlik die belangrikste van enige Ope en ons kan werklik nie sonder julle ondersteuning nie. In besonder baie dankie vir Minox met hulle 3 verkykers ter waarde van R 12 000, Nyati Sport met hulle Savage Axis geweer ter waarde van R 8 000, Safari & Outdoor met R 10 000 se koopbewyse waarvan, R 5 000 Nosler koopbewyse, en Die Skietwinkel met R 2 000 se koopbewyse.

Die algehele wenner vir die dag was Revo van Zyl met 866 punte, gevolg deur Marius Moolman en Schalk Victor. Hulle wen elkeen, buiten die pryse van die dag, ook pryse by Safari & Outdoor soos geborg vir elke ope. Revo wen R10 000 omdat hy met GRS kolf deelneem, Marius R5 000 omdat hy met Nightforce deelneem en Schalk R2 500 vir sy GRS en R 2 500 vir sy Nightforce.

Sien verdere foto’s hieronder.

Baie dankie en groete tot volgende jaar.

Francois Martins

082 926 6452